



APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Posbus 910-631, Pyramid, 0120 Hoewe 5, Roete 101, Waterval Selnommer: 084 952 2882

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING VAN APIESRIVIER LANDELIKE BBV WAT OP 2 Maart 2013 OM 14:00 GEHOU IS, TE RIVIER FRONT, LUSTHOF.

1. OPENING EN VERWELKOMING

Peet Dorfling open die vergadering met skriflesing en gebed. Daarna heet hy almal teenwoordig welkom en versoek dat almal die presensielys voltooi.

2. TEENWOORDIG

Soos per presensielys.

3. VERSKONINGS

Jan le Roux
Conrad Pienaar
Mnr en Mev Vosloo

4. LIEF EN LEED

Siek

Marianne Pretorius - Hospitaal
Tea Rademeyer se seun se been is geopereer
Arie Beetge het 'n operasie gehad
Dina de Beer se oog het herstel
Gert Bouwer se voet is verstuit
Johan Lucas se dogter is ernstig siek
Jaco Smit se vrou het 'n operasie gehad
Christa Immelman het 'n biopsie gehad
Pieter de Beer het griep gehad
Ansia van Dyk het griep gehad
Hester Dorfling het 'n voet operasie gehad
Kobus Kramer se skoonmoeder het geval
Willie Nel is beseer tydens 'n plaasaanval
Aljoh Koops was in 'n ligte motorongeluk
Ansia van Dyk het 'n oor operasie gehad
Joey Gerber se huis se dak het afgewaai
Andre Wilken boon het op sy huis geval
Eric & Jandel Gough se seun het 'n operasie gehad
Pieter & Sumari Oosthuizen se dogters ernstig siek
Baps Botha het 'n knie operasie gehad

Huwelik

Pieter de Beer en Ansia van Dyk is verloof
Jacobus Venter is getroud

Geboortes

Hans & Marietjie de beer het 'n seun ryker geword
Theunie & Marietjie du Buisson het 'n seun ryker geword
Lucas & Christelle swart het 'n tweeling ryker geword
Ludwig & Pamel Taschner het 'n kleinseun ryker geword

Sterftes:

Louwtjie van Wyngaard - selfmoord
Willie Engelbrecht jnr Waterval-Suid oorlede in motorongeluk
Harry Fourie O85 oorlede in motor ongeluk
Gehard Oosthuisen- Bultfontein
Johan Ayres oorlede in motorfiets ongeluk
Ettienne van Aardt (S1VE) oorlede in motorfiets ongeluk
Manie Kruger - Vastfontein
Eugene J v Rensburg se swaar is oorlede

5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE

Die notule van 22 Oktober 2011 word voorgehou aan die lede teenwoordig. Dit word as gelese beskou deur die lede teenwoordig. Spelfoute sal reggestel word. Christo Ayres keur die notule goed en Cobus Kramer sekondeer die goedkeuring.

6. VASSTELLING VAN AGENDA

Die agenda word soos volg vasgestel:

- Opening en verwelkoming
- Presensielys
- Verskonings
- Lief en Leed
- Goedkeuring van vorige notule
- Vasstelling van die agenda
- Voorsittersverslag
- Finansies
- Toerusting
- Kommunikasie
- Struktuur
- Lidmaatskap
- Brande
- Administrasie
- Brand Beskermings Offisier
- Nuwe sake
 - 1. Hulp verlening aan nie-lede
 - 2. Radio sein sterktes
- Verkiesing van nuwe bestuur
- Vrae en afsluiting

7. VOORSITTERSVERSLAG (Peet Dorfling)

- Naam van vereniging:
Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging
- Datum van registrasie en registrasie no:
27 Maart 2006
Reg. No - 1743/01
- Groote van gebied:
34 000 ha
- Grense:
Noord: Net voor Hammanskraal
Suid: Pyramid-Suid spoorlyn
Oos: N1 Snelweg
Wes: Mabopane Snelweg
- Die bestuur bestaan tans uit die volgende lede:
Uitvoerende Komitee:
Voorsitter (Alpha 1): Peet Dorfling
Onder Voorsitter (Alpha 2): Pieter de Beer

Sekretaresse (Alpha 3): Ans Dorfling
Tesourier (Alpha 4): Arie Beetge
Addisionele lid (Alpha 5): Eugene Janse van Rensburg
Brand Beskermings Offisier: Japie Lengoabala

Breë Bestuur:
Brandhoof (Bravo 1): Christo Ayres
Noodhulphoof (Bravo 2): Ansia van Dyk
Logistiekehoof (Bravo 3): Jan de Jager
Kommunikasiehoof (Bravo 4): Theunie du Buisson

Administrasie en Koördinerings:
(Charlie 1): Tarien Cooks

Aan die einde van die vergadering sal 'n nuwe bestuur verkies word.

- Tshwane Stadsraad se bydrae:
 - ❖ 2 Bakkies wat 4 x 4 aangedrewe is, deur die stadsraad afgeskryf en terug geneem.
 - ❖ 2 “skid units” bakkie sakkies wat elk 600L water gebruik
 - ❖ 2 x 1000L waterkarretjies - is ondiensbaar
 - ❖ 1 x 1000L waterkarretjie is diensbaar
 - ❖ 3 x 500L waterkarretjies wat diensbaar is
 - ❖ 1 x 500L waterkarretjie is ondiensbaar
 - ❖ 2 x Jerry kanne (20L) vir addisionele brandstof vir enjins
 - ❖ Brandstof en onderhoud van toerusting word deur die stadsraad voorsien
 - ❖ Baie van die brande word geblus nog voor die brandweer opdaag.

8. Finansies (Arie Beetge)

- Mnr Beetge bedank Pieter de Beer wat tydens die vorige algemene vergadering vir hom ingestaan het tydens sy siekte.
- Hy bedank ook die bestuurslede wat hom deur die jaar ondersteun het en ook al die wense tydens sy siekte tydperk.
- Die BBV het n geldige belastingklaringsertifikaat ontvang wat geldig is tot 13 Februarie 2014.
- Lede-bydraes vir 2013/2014 bly onveranderd op R270 per jaar vir die eerste 30 hektaar en daarna is dit R22.50 per hektaar vir die daaropvolgende hektare meer as 30 hektaar.
- Betalings moet gemaak word in die BBV se bankrekening en slegs die plot nommer en gebied moet genoem word as verwysing.
- Ge-ouditeure state vir die boekjaar van 2011 / 2012 is beskikbaar by Mnr Beetge vir insae.
- Die bedrag oorgedra na die huidige finansiële jaar 2012/2013 beloop R22 024.99
- Bates wat aangekoop is: Hand radio's, kombuistoerusting vir ark beurte, rekenaar program en 'n motor selfoon laaier.
- Mnr C Ayres keur die voorgestelde begroting goed en Mnr C Breed sekondeer die voorstel.

9. Sake Voortspruitend

9.1 Toerusting (Jan de Jager)

- Eerste parade inspeksievorm.

Hierdie dokument is reeds 'n geruime tyd in gebruik om te verseker dat daar behoorlik kontrole oor die toestand van die toerusting gehou kan word.

- ❖ Daar is ook reëls vir die gebruik van die toerusting opgestel en word aan lede beskikbaar gestel.
- ❖ Enige lid wat die toerusting van die BBV wil gebruik moet die vorm voltooi.
- ❖ Die reëls vir die gebruik van toerusting moet ook deur elke lid gelees en onderteken word.

9.2 Kommunikasie (Theunie du Buisson)

- Daar is tans 165 roepseine in gebruik, maar daar is sommige stasies wat meer as een roepsein gebruik sodat die bestuurslede van die res onderskei kan word en waar die man en vrou beide baie aktief is met brande is dit net meer prakties om vir beide 'n roepsein te gee, dit voorkom ook verwarring.
- Lede wat privaat kanale het moet self hulle lisensie gelde betaal aan ICASA.
- Die lisensie gelde beloop tans R120 per jaar per radio.
- Daar is ongeveer 35 antenas beskikbaar indien iemand een sou benodig.
- 3 privaat frekwensies is aan die BBV toegeken.

- Daar gaan gepoog word om die SAPD weer betrokke te kry, en die moontlikheid om 'n radio in die stasie te installeer word ondersoek.
- Mnr Kramer stel voor dat lede wat vir lang rukke nie toetse mee-maak nie se name moet van die lys afgehaal word want dit is tydrowend. Mnr du Buisson neem kennis van die voorstel en sal dit met die bestuur opneem.
- Mnr Dorfling stel voor dat in elke wyk groepe gestig moet word, om te verseker dat die lede nog wel is indien hulle nie die radio antwoord nie. Vir die bestuur is dit nie moontlik om dit elke dag op te volg nie.
- Mnr P Oosthuizen stel voor dat daar gekyk moet word na die radio's van die persone wat gereeld die toetse doen. Hulle toerusting moet reg en van goeie kwaliteit wees sodat almal hulle kan ontvang. Hy stel ook voor dat die lede geld effens aangepas moet word om ekstra uitgawes soos oproepe na lede te dek indien hulle nie die radio antwoord nie.
- Die bestuur sal die moontlikheid ondersoek.

9.3 Struktuur (Tarien Cooks)

- Operasionele plan
Die operasionele plan is volgens die besigheidsplan van die Departement waterwese en Bosbou opgestel
- Koördinering van brande
 - ❖ Meer as een radionetwerk veroorsaak chaos op 'n toneel
 - ❖ Wonderboom Brandweer stasie reageer flink en hulle reaksie tyd is min of meer 20 minute.
 - ❖ Wonderboom Brandweer stuur ook pompers en tankers uit vir water aanvulling maar hierdie voertuie mag nie van die teerpaaie af beweeg nie. Slegs grasbrand voertuie mag in die veld in ry.
 - ❖ Indien daar 'n klagte rondom 'n brandweer voertuig is moet die klagte skriftelik ingedien word en die vlootnommer van die betrokke voertuig moet gemeld word.
 - ❖ Sodra die brandweer op 'n toneel opdaag neem hulle die beheer oor en word hulle verantwoordelik gehou vir alles wat gebeur.
 - ❖ Mev Cooks meld dat sy 'n Command and Control kursus bygewoon het en dat sy beoog om die bestuur en die brandspan 'n opleiding sessie te gee van hoe 'n brand gekoördineer moet word.
 - ❖ Sy meld dat die voertuie wat deur die brandweer afgeskryf is dalk terug gekoop kan word maar daar word nog gewag vir terugvoering.
 - ❖ Die Brandpermit instelling werk baie goed en die lede gee gehoor daaraan.
 - ❖ Mev. Cooks meld dat die bestuur nie verantwoordelik is vir die hulp met voorbrande nie - hulle help slegs as hulle beskikbaar is, die BBV koördineer slegs brande.

9.4 Brande (Christo Ayres)

- ❖ Mnr Ayres bedank al die staatmakers wat na elke brand uitgaan en hulle tyd en moeite insit om ander se eiendom te beskerm.
- ❖ Indien lede by 'n brandtoneel kom en hulle is nie in radio verbinding met Tarien (C1) nie moet hulle by een van die brandweer voertuie aanmeld en hulle sal vandaar getaak word.
- ❖ Brandstroke is baie belangrik, selfs al is dit net gesny. Dit vertraag die spoed van die brand.
- ❖ Dit help ook die bestuurders van die voertuie baie aangesien mens nie alle gate en slote sien nie en dit kan baie ernstige skade en beserings veroorsaak. Daar het al lede met n bakkie in 'n ongebruikte septic tenk geval.
- ❖ Daar moet gepoog word om teenbrande te vermy sover moontlik want dit kan groter skade veroorsaak. Teenbrande moet ook met groot sorg gedoen word.
- ❖ Die toerusting moet goed versorg en opgepas word. Die bestuur word verantwoordelik gehou vir alle skade.
- ❖ Dit is verpligtend om beskermde klere en skoene te dra as daar met die brandslange gewerk word. As persone opdaag wat beter toegerus is moet hulle die voerpunt van die brandspan wees.
- ❖ Verder bedank Mnr Ayres almal wat drinkwater en versnaperings aandra. Dit word geweldig waardeer. Daar word versoek dat geen alkohol verskaf moet word nie aangesien die lede wat brande blus se reaksie dan stadiger gaan wees en beserings kan voorkom. Meeste van die lede moet ook nog bestuur en dit is teen die wet om te drink en bestuur.

9.5 Noodhulp (Ansia van Dyk)

- ❖ Alle beserings moet aangemeld word by Tarien Cooks (C1VK) of Ansia van Dyk (B2VK), maak nie saak hoe gering nie
- ❖ Beide die oos en die wes wyke het toerusting beskikbaar en daar is opgeleide lede wat kan help met beserings.
- ❖ Die BBV gaan nie na ongelukke toe uit nie en die lede wat dit wel doen, dit op eie risiko.

9.6 Administrasie (Tarien Cooks)

- Korrespondensie
 - ❖ Working on Fire - stigting van Sambreel of sogenaamde “Umbrella” BBV
Die vergaderings gaan steeds voort. Verskeie kwelpunte is gelig tydens hierdie vergaderings en geniet aandag.
 - ❖ Rol van SAPD in terme van die wet op Veld- en Bosboubrande
SAPD doen steeds nie hulle deel met wetstoepassing nie. Dit word opgevolg
 - ❖ Die BBV het as belanghebbende party geregistreer vir verskeie sake:
 1. N1 Truk
 2. Onderstepoort behuising
 3. Hoenderplaas op Kromdraai
 4. Petrol stasie R101 / Murrayhill pad
 5. Industriële gebied op Waterval
 6. Myn op Wallmansthal
 - ❖ Die lede word versoek om gemeenskapsvergaderings by te woon en op hoogte te bly van wat in die gebied aangaan.

9.7 Brand Beskermings Offisier (Japie Lengoabala)
Mnr Lengoabala is nie teenwoordig nie en die punt word nie bespreek nie.

9.8 Nuwe Sake

- Artikel 21 Maatskappy / Gemeenskap trust
Hierdie saak geniet steeds aandag van die bestuur af. Dit gaan hoofsaaklik daarvoor om die toerusting wat deur die BBV met lede geld aangekoop is te behou indien die Stadsraad sou besluit om die BBV's te ontbind.
- Chippie projek
Hierdie projek genereer min fondse vir die BBV, maar sal steeds aangaan.
- Verskuiwing van grense
 1. Aan die suidekant - vanaf Pyramid spoorlyn tot net voor Bon Accord.
 2. Aan die Oostekant ook 'n moontlikheid - die weermag gronde tot so ver as Boekenhoutkloof basis

Die bestuur is in die proses om aansoek te doen vir die verskuiwing van die grense. Dit neem tyd want daar is heelwat papierwerk aan verbonde.

10. Nuwe sake

10.1 Ledegelde / grondwet

Tarien meld dat die BBV se finansiële jaar strek vanaf 1 April tot 31 Maart elke jaar. Dit maak dit moeilik as die lede se ledegelde vanaf 1 Januarie tot 31 Desember strek.
Daar word voorgestel dat die ledegelde vir die tydperk 1 April tot 31 Maart moet geskied. Dit word eenparig aanvaar.
Die grondwet sal dan ook so gewysig word.

10.2 Ark beurte:

13 April
4 Mei
4 September
21 Desember
11 Januarie 2014

Mnr Dorfling bedank almal wat gereeld help en ondersteun. Dit word baie waardeer, en die ander lede word genooi om die dae mee te maak.

10.3 Versoek : 0 - 30 hektaar te vergroot na 0 - 50 hektaar

Daar is 'n versoek vanaf lede ontvang dat die huidige 0 - 30 hektaar waarvoor ekstra lede gelde betaal moet word vergroot moet word na 0 - 50 hektaar. Mnr Uys stel voor dat dit dieselfde bly en Mnr Kramer sekondeer dit. Die betrokke lede sal so ingelig word.

10.4 Voordele van Nie-lede

Mnr Oosthuizen stel voor dat nie-lede moet begin betaal vir dienste gelewer deur die BBV. Sommige van die gemeenskapslede redeneer dat die BBV in elk geval sal help al is hulle nie lede nie.

Mnr Ayres meld dat indien 'n BBV lid se grond in gevaar is word die span getaak om eerste daar te gaan help, maar indien die brand nog nie by 'n lid se gronde is nie, is dit beter om te voorkom dat die brand daar uitkom, dus word daar gepoog om die brande op nie-lede se gronde te blus.

Daar word ook heelwat lede gewerf met hierdie poging.

Mnr Dorfling noem dat die bestuur poog om na die beste van hulle vermoë die brande te ko-ordineer. Daar word voortdurend druk op Tshwane Stadsraad geplaas oor probleem areas. Die Stadsraad het al verskeie boetes uitgereik wat verwelkom word.

10.5 Radio toetsers

Mnr Oosthuizen meld dat slegs sekere lede die toetse waarneem. Hy versoek die bestuur om daaraan te dink om hierdie persone se radio's op te gradeer en sodoende te sorg dat kommunikasie glad verloop.

Mnr Dorfling noem dat die bestuur kennis neem van die voorstel en dat hulle dit sal opvolg. Hy bedank ook almal wat gereeld die toetse waarneem.

Mnr Oosthuizen noem dat dit gebeur dat sommige gebruikers ongeduldig is en lelike opmerkings teenoor die toetsers maak. Dit is uiters onvanpas aangesien die toetsers dit uit die goedheid van hulle harte doen. Enige mens kan foute begaan en almal behoort dankbaar te wees iemand is bereid om die tyd op te offer om daar te sit en almal te roep.

10.6 Verkiesing van Bestuurslede

Die huidige bestuurslede se termyn het verstryk en daarom moet nuwe bestuurslede verkies word. Raadslid H Coetzee sal die verkiesing behartig. Slegs een lid per kleinhoewe, wat se ledegelde opbetaald is mag stem.

Raadslid Coetzee bedank die vorige bestuur vir hulle bereidwilligheid en harde werk om die gemeenskap te dien na die beste van hulle vermoë.

Voorsitter: Mnr Dorfling word voorgestel - hy is beskikbaar en word algemeen verkies.

Ondervoorsitter: Mnr P de Beer is nie beskikbaar nie - Mnr C. Kramer word voorgestel en algemeen verkies.

Sekretaresse: Mev Dorfling is nie herkiesbaar nie - Mev K Kramer word voorgestel, maar aangesien sy nie teenwoordig is nie en kan antwoord nie sal die bestuur haar nader.

Tesourier: Mnr Beetge is nie herkiesbaar nie. Mev Gerber word voorgestel. Sy sal daarvoor dink en die bestuur kontak

Addisionele lid: Adv J Janse van Rensburg word herverkies.

Brand hoof: Mnr Ayres word herverkies

Logistiek: Mnr J De Jager word herverkies.

Kommunikasie: Mnr Du Buisson word herverkies.

Admin koördineerder: Mev Cooks word herverkies

Raadslid Coetzee bedank die lede vir hulle geduld en samewerking. Hy verwelkom ook die nuwe bestuur en wens hulle sterkte toe vir die take wat voorlê.

Mnr Dorfling bedank ook al die lede en die bestuurslede vir hulle insette, bereidwilligheid en goeie gees waarmee die gemeenskap gedien word.

Hy bedank Mnr Swanepoel vir die geriewe van Rivier Front om die funksie daar te kan hou, en nooi dan ook almal uit om na die braai na afloop van die formele vergadering. Mnr Oberholzer en sy seuns word bedank vir die voorsiening van die klankstelsel.

Voorsitter: _____

Datum: _____